

Indien u nou tot sterwe kom !!! Waar gaan u die ewigheid deurbring ???

Elke mens is sedert geboorte 'n reisiger na die ewigheid. Gebore om nooit weer te sterwe nie. Die dood my vriend is nie 'n algehele uitwissing nie, maar slegs 'n skeiding van die fisiese liggaam en die gees. (1 Thes 5:23 die mens is 3 ledig, gees, siel, en liggaam)

Pred 12:7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

Psa 146:4 Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, [**'n bewys van lewe na die dood.**]

Elke mens word met 'n doel in die wêreld gebore, en net so seker as wat die son in die ooste opkom en in die weste ondergaan, net so seker sal ook u dag, u uur en u minuut aanbreek dat u moet sterwe en WAARHEEN DAN ????

As u rigting verkeerd is, sal u eindbestemming ook verkeerd wees !!!

Die keuse van 'n rigting.

Wanneer ons 'n rit onderneem na 'n plek waar ons nog nooit vantevore was nie, doen ons navraag oor watter pad ons moet neem. Ons reis dan ook voort, baie opletterend na rigtingwysers en wanneer ons bemerk dat ons die verkeerde afrig geneem het, draai ons onmiddellik om en soek na die regte pad om ons na die regte eindbestemming te neem.

Vriend elke dag reis u en ek deur hierdie lewe na die ewigheid, na 'n bestemming wat ewigdurend is, 'n destinasie wat nie verander kan word wanneer ons besef dat ons die verkeerde bestemming bereik het nie. REISIGER WEET U WAARHEEN U OP PAD IS ???

Die Twee Weë

Die Bybel verklaar onomwonde dat daar vir die mens twee weë is. Tussen die wieg en die graf maak ons die keuse met betrekking tot ons eindbestemming. Daar is geen middeveg nie, en mense kan verward raak wat die twee weë aanbetref. (Die rykman en Lasarus luk 16:19-31 werklike gebeurtenis)

Spr 28:18 Wie opreg wandel, sal gehelp word; maar hy wat verward is, wat die twee paaie betref, sal meteens val. [DIE HEMEL < > EN DIE HEL]
Alle mense sal die ewigheid by een van twee bestemmings deurbring, deur

die Almagtige God voorberei. Volgens die Bybel sal dit 'n ewige hemel of 'n ewige hel, met 'n onuitbluslike vuur wees. Aan– gesien ons hier met feite te doen het, sal dit wys wees om alles moontlik uit te vind aangaande ons toekomstige permanente tuiste. \HEMEL OF HEL U MAAK DIE KEUSE ???

Die eerste weg - die pad na die Hemel, "die 3de Hemel" !!

Hand 7:49 Die hemel is my[God] troon en die aarde die voetbank van my voete. (2 kor 12:2 (b) weggeruk is tot in die DERDE HEMEL)

Die woord hemel kom 716 keer in die Bybel voor, 'n voorbereide plek vir voorbereide mense. [(1) wolke hemel, (2) sterre hemel,(3) 3de hemel]

Spr 12:28 Op die pad van geregtigheid is lewe, en die rigting van dié pad is onsterflikheid. [mat 7:13 -14 die nou poort en smal weg na die HEMEL]

Wat het God vir ons voorberei ?

1Kor 2:9 maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en **in die hart van 'n mens nie opgekom het nie**, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. (2 kor 5:1-1o GOUDSTAD)

Openbaring 21 beskryf vir ons die pragtige Goudstad met 12 poorte, drie in elke windrigting, elke poort 'n soliede pèrel. Twaalf fundamente met twaalf verskillende edelgesteentes. Vers 18 sê: "En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas." (2 kor 12:2-4 die 3de HEMEL, die hoogste HEMEL)

Open 21:19 En die fundamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede safier, die derde chalcedoon, die vierde smarag;

Open 21:20 die vyfde sardóniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrísopraas, die elfde hiasínt, die twaalfde ametis.

Die Tweede weg - Die pad na die Hel !!!

Dat daar 'n hemel is, geniet seker algemene instemming. Alle mense is bereid om die bestaan daarvan te erken. Almal praat graag oor die hemel en wil graag daarheen gaan. Joh 14:2-3 daar is baie wonings in die hemel

Hoe anders is dit tog nie met betrekking tot die hel nie! Die mens wil nie graag glo dat daar 'n hel is, en dat daar 'n moontlikheid is dat hy die ewigheid daar kan deurbring nie. Luk 16:24 ek ly smarte in hierdie vlam

In Sy bediening op aarde het Jesus twee keer meer oor die hel, as oor die hemel gepraat. (Jesus stuur niemand hel toe nie, die mens maak self die keuse 2 paaie)

SKRIFTUURPLASE OOR DIE EWIGE HEL !!!

Mat 8:12 Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Mat 10:28 En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.

2Thes 1:8 in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. 2Thes 1:9 Hulle sal as straf **ondergaan 'n ewige verderf**, weg van die aangesig van die Here en van die heerlijkheid van sy sterkte,

Openb 21:8 Maar wat die *vreesagtiges* aangaan en die *ongelowiges* en *gruwelikes* en *moordenaars* en *hoereerders* en *towenaars* en *afgodedienaars* en al die *leuenaars* hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.="IS DIE EWIGE HEL"

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik *owerspel*, *hoerery*, *onreinheid*, *ongebondenheid*;

Gal 5:20 *afgodery*, *towery*, *vyandskap*, *twis*, *jaloersheid*, *toornigheid*, *naywer*, *tweedrag*, *partyskap*;

Gal 5:21 *afguns*, *moord*, *dronkenskap*, *brassery* en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. (Hemel mis)

Efe 5:5 Want dit moet julle weet dat geen *hoereerder* of *onreine* of *gierigaard*, **wat 'n afgodedienaar** is, **'n erfdeel het in die** koninkryk van Christus en van God nie. [U sal hemel nie maak nie.] psm 38:19b ek is bekommerd oor my sonde !!!

Hand 17:30 God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer. [U moet dus u lewe hervorm u sonde bely en laat staan. Spr 28:13]

Mar 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. \Matt 3:13-17 Jesus was in die jordaanrivier gedoop 30 jaar oud, n sakrament vir volwassenes en nie vir suigeling nie.

Die Hel is geen illusie (**droom of denkbeeld**) nie. Die Hel is 'n werklikheid van swael en vuur waar die mens smag **na 'n** druppel water op jou tong. (Luk 16:19- Die ryk man en Lasarus (n werklike gebeurtenis voor kruiseging))

DIE WEDERKOMS VAN JESUS-" WEGVOERING VAN DIE BRUID"

JESUS verklaar dat daar spotters sal wees net duskant sy wederkoms

2Pet 3:3 Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel

2Pet 3:4 en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms?

"HY IS N GOD WAT NIE KAN LIEG NIE !!! NUM 23:19"

1Thes 4:16 **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin** van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees (1Kor 16:22b Maranata=Jesus kom spoedig !!)

Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. (in die 260 H\S in N\T word 318 keer genoem van SY KOMS)

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar **ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.[Die Groot Wit troon oordeel. Open 20:11-15.]

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. (opb 1:5 wassing in JESUS BLOED)

Amos 4:12—maak jou klaar om jou God te ontmoet
..... [Daar is twee weë—u maak die keuse !!!]
(epos: konanja333@gmail.com)